verblyfeenhede ten einde die verwagte toename in toeriste na transnasionale parke in Suid-Afrika te hanteer.

Die kollege het in Junie 2001 geopen met 20 studente as deel van ’n loodsprogram. Die studente, almal vroue van voorheen benadeelde gemeenskappe in Suid-Afrika en almal beursontvangers, het hul opleiding in November voltooi. In ooreenstemming met die strewe van die Vredesparkstigting het die kollege vanjaar drie studente uit Lesotho en vier uit Namibië aanvaar uit ’n totaal van 30 studente vir die kursus wat in Februarie begin het.

Suid-Afrikaanse Natuurlewekollege – bewaring in Suid-Afrika het op 25 Oktober verlede jaar nuwe stukrag gekry met die stigting van die Suid-Afrikaanse Bewaringsopleidings-trust. Die stigting het saamgeval met die vierde diplomaplegtigheid vir studente van die Suid-Afrikaanse Natuurlewekollege.

Tydens die stigtingseremonie is bekend gemaak dat Remgro en VenFin gesamentlik as borg togetree het in die berghaan-kategorie van die trust met ’n skenking van R1 miljoen. Die mikpunt van die trust is om R60 miljoen in te samel, waarvan die plaaslike teiken sowat 20% is.

Die hoofdoelwit van hierdie multimiljoen-kapitaaltrust-fonds is om befondsing vir opvoeding en onderrig in natuurbewaringsbestuur aan die SA Natuurlewekollege te verskaf, sowel as aan ander instellings met soortgelyke oogmerke. Hierdeur sal ’n belangrike bydrae gelewer word om die kundigheidsvlak in omgewingsbewaring in Suid-Afrika aansienlik te verbreed.

Verlede jaar het 41 studente, van sover as Kameroen, aan die kollege gegradueer en kon hulle teruggaan om as opgeleide bestuurders die biodiversiteit van bewaringsgebiede in Suid-Afrika volhoubaar te bestuur en hul kennis terug te ploeg in ’n gebied wat waarskynlik die grootste toerisme-potensiaal ter wêreld het.

Scimathus – is ’n intensiewe ná-matriekprogram wat deur die Universiteit van Stellenbosch aangebied word om aan ’n



uitgesoekte groepie studente die kans te bied om vir universiteitstoelating in sekere rigtings te kwalifiseer. Saam met VenFin het Remgro net meer as 'n halfmiljoen rand oor drie jaar bewillig vir dié program.

Die studente wat in 2001 die eerste keer aan die program deelgeneem het, het uit skole met historiese agterstande in die Stellenbosch-omgewing gekom. Daar was twee groepe: een bestaande uit 18 studente wat op wiskunde en natuurwetenskappe gekonsentreer het en die ander groep van 17 wat op wiskunde en rekeningkunde gefokus het.

Die studente het aan die einde van die jaar die nasionale matriekeksamen in hul onderskeie vakke geskryf en sommige van hulle het toegang tot die Universiteit van Stellenbosch (US) en ander tersiêre inrigtings gekry.

Ondanks die beperkte mate van sukses, is die US oortuig daarvan dat die program potensiaal het en word die eerste jaar as 'n waardevolle leerervaring vir almal beskou. Die 2002-program volg dieselfde patroon as die vorige jaar s'n, met die uitsondering dat 'n groep van 20 studente verder weg van Stellenbosch ingesluit en verblyf aan hulle verskaf word.

OMGEWING

WWF-Suid-Afrika – as korporatiewe lid ondersteun Remgro die werksaamhede van hierdie bewaringsorganisasie. Noemenswaardige projekte die afgelope jaar het die volgende ingesluit:

- Die eerste hangplankpad in 'n woud in Suider-Afrika is bekend gestel as deel van 'n ekotoerisme-projek vir landelike mense wat deur WWF geborg word. Die 125 meter lange plankpad deur die blaredak van bome in die Dlinza-woud naby Eshowe in KwaZulu-Natal bied 'n wye uitsig en lei tot 'n 20 meter hoë staaluitsigtoring waar die besoeker begroet word deur 'n ongelooflike uitsig oor die bos tot by die Indiese Oseaan ver onder. Die projek is geborg deur die Sappi/WWF Woud- en Vleilandonderneming.
- 'n Ruim bemaking aan WWF-Suid-Afrika het die organisasie in staat gestel om twee belangrike eiendomme vir bewaring te bekom. Een hiervan lê op die wal van die Gouritzrivier in die Klein-Karoo en is die eerste kerneiland vir die daarstelling van die beoogde reusagtige Gouritz-reservaat.
- 'n Betekenisvolle publikasie oor die uitwerking van klimaatsverandering in Suid-Afrika, medebefonds deur WWF-SA, is deur die Nasionale Botaniese Instituut gepubliseer. *The heat is on* gee die eerste omvattende oorsig

van die effek van klimaatsverandering op die biologiese rykdomme van Suid-Afrika. Dit sal 'n belangrike rol speel in die aanbieding van die land se omgewingstatus by die Wêreldberaad oor Volhoubare Ontwikkeling wat in November gehou word.

- Die Groen Trust, 'n vennootskap tussen WWF-SA en Nedbank, het dit moontlik gemaak om die inisiatief van die Ekgala Graslandtrust te loods waarvolgens 'n grasland-biosfeerreservaat van een miljoen hektaar in Mpumalanga ontwikkel gaan word. Suid-Afrika se gematigde grasland-ekostreek is een van die Globale 200 Ekostreke wat deur WWF as van die belangrikste gebiede ter wêreld vir die bewaring van biodiversiteit beskou word.

KULTURELE ONTWIKKELING

Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) – vir die tweede jaar is 'n bydrae tot die ontwikkelingsaspek van die fees gemaak. Remgro kom uit 'n tradisie waar kuns sedert die vroegste jare ingespan is om in 'n land met diverse kulture, begrip en waardering vir mekaar se geestesgoedere te kweek.

Meer as 40 jaar gelede in 1960 was die maatskappy al betrokke by 'n suksesvolle landwyse kompetisie om belangstelling in kuns by die jeug onder alle bevolkingsgroepe aan te wakker. As borg van die KKNK is Remgro opgewonde oor hierdie uitstalvenster vir die uitvoerende kunste wat oor die jare so mooi gegroei het.

In Suid-Afrika het kuns, in al sy uitdrukkingsvorme, 'n uitsonderlike, maar tot nog toe grootliks onontginde, vermoë om brûe van goedgesindheid oor kleur- en kultuurgrense te bou. Die KKNK is 'n belangrike werkwinkel vir die verwesenliking van hierdie ideaal.

Kunsstigting Rembrandt van Rijn – hierdie stigting, wie se doel dit is om plaaslike en internasionale produksies op die gebied van die beeldende kuns meer toeganklik vir plaaslike en oorsese kunsliefhebbers te maak, word administratief deels deur die maatskappy ondersteun.

'n Tentoonstelling van 41 skilderye deur die kunstenaar Townley Johnson, uit 'n versameling van die Kunsstigting, is reeds sedert Oktober 2000 op 'n uitgebreide toer in die buiteland. Dit het reeds Zug, Switzerland, Berlyn en Lübeck in Duitsland en Linz, Oostenryk aangedoen.

Hierdie skilderye, wat naskilderings is van die San (Boesman) rotstekeninge in Suider-Afrika, wek groot belangstelling oorsee en die tentoonstellings is al deur sowat 45 000 mense besoek.



GEMEENSKAPSDIENS

Stellenboschfees – Stellenbosch se Musiek- en Kunstefees is in September 2001 die 14de keer suksesvol aangebied. Remgro en VenFin het die openingskonsert, wat aan 'n voormalige werknemer, wyle mnr Dries Smit, opgedra was, geborg. Mnr Smit was 'n medestigter van die Stellenboschfees.

Die klem van die fees het op klassieke en tradisionele musiek geval, met verskeie kinder- en jeugprogramme, asook deelname deur die plaaslike gemeenskap. Aanbiedings deur drie plaaswerker-teatergroepe uit die omgewing, hoërskoolleerlinge van Kayamandi en die Straatfees was baie gewild en het goeie ondersteuning geniet.

SPORTONTWIKKELING

SA Gholfontwikkelingsraad (SAGOR) – hierdie inisiatief, waarvan die administratiewe koste sover ten volle deur Remgro en VenFin gedra is, was verlede jaar een van die mees suksesvolle ontwikkelingsprojekte in Suid-Afrika, volgens 'n markopname wat deur Sanlam gedoen is.

Borgskappe deur Sanlam en Mercedes-Benz het SAGOR in staat gestel om in verskeie streke, waaronder die Grens, Vrystaat, Gauteng, KwaZulu-Natal en die Wes-Kaap, projekte vir kinders in mindergegoede gemeenskappe aan die gang te sit. In die proses is werk vir 10 koördineerders en 29 afrigters geskep, terwyl meer as 2 200 kinders op die databasis van SAGOR geregistreer is.

GEMEENSKAPSONTWIKKELING

Ikamva Labantu – toe Remgro saam met VenFin in 2000 hierdie gemeenskapsorganisasie as oorkoepelende liefdadigheidsprojek gekies het om te ondersteun, was dit nie in 'n poging om aan 'n nuwe inisiatief momentum te gee nie, maar eerder om ondersteuning te gee aan 'n groep toegewyde mense wat meer as 30 jaar gelede hul gewig ingegooi het om in van die armste gemeenskappe in die land 'n verskil aan mense se lewensgehalte te maak.

Ikamva Labantu is 'n projek wat soos 'n handskoen pas by die filosofie wat Remgro as erfenis van die voormalige Rembrandt-groep ontvang het. *Help ander om hulself te help*, is 'n leuse wat reeds vir 'n halfeeu die kern vorm van die maatskappy se benadering tot dienslewering aan hulpbehoewende gemeenskappe.

Ikamva Labantu leef hierdie filosofie daaglikse prakties uit in die meer as 1 000 gemeenskapsprojekte wat onder sy bestuur

staan. Uit erkenning vir sy prestasies is Ikamva in 1998 deur die Mandela-regering gevra om as leiervennoot op te tree van 'n loodsprojek om 'n nuwe befondsingsbeleid vir sosiale dienste in Suid-Afrika daar te stel en te toets.

Jeugontwikkeling, bejaardesorg, spesiale programme vir gestremdes en die skep van veilige toevlugsoorde vir haweloses is van die belangrikste terreine waaraan Ikamva Labantu aandag skenk.

Stigting vir Orgaanskenkers van SA – spoed is van deurslaggewende belang wanneer lewegewende organe vervoer moet word. In hierdie verband het die personeel van Falconair, wat by vier geborgde vlugte per jaar betrokke is, hul andermaal onderskei deur die flinke diens wat gelewer is. Baie lewens is al deur hierdie diens gered, waarvoor daar allerweë groot waardering is.

NSRI, Plettenbergbaai – 'n besondere verbintenis met die Nasionale Seereddingsinstituut se Stasie 14 op Plettenbergbaai is onlangs hernieu toe 'n beduidende skenking aan hierdie stasie gemaak is. Die skenking het gevolg op die flinke optrede van die vrywillige bemanning van Stasie 14 wat waarskynlik vroeg vanjaar die lewe van die seun van die maatskappy se hoofuitvoerende beampte gered het.

Die tragiese ongeluk van 'n maatskappyvliegtuig 16 jaar gelede in 1986, waarin onder andere 'n HL&H-direkteur, mnr Ian Hepburn, gesterf het, het aan die NSRI op Plettenbergbaai sy hoofreddingsboot besorg. Ter nagedagtenis aan haar pa, het mnr Hepburn se dogter destyds geld geskenk vir die aankoop van die boot, wat die *Ian Hepburn* gedoop is.

Remgro en VenFin se gesamentlike skenking is in Stasie 14 se kapitaalfonds gestort en sal moontlik aangewend word om die 14 jaar oue reddingsboot mettertied te vervang.

Mosambiek – oorstromings wat die vorige jaar sy tol geëis in hierdie buurland het aanleiding gegee tot versoë om hulp deur mev Graca Machel, uitvoerende voorsitter van die *Stigting vir Gemeenskapsontwikkeling, Mosambiek*. Remgro en VenFin het gereageer op hierdie oproep met 'n gesamentlike skenking van R1 miljoen. Hierdie geld word vir 'n verskeidenheid gemeenskapsbehoefes aangewend.



KORPORATIEWE BESTUUR

Remgro is 'n langtermynbelegger wat strategiese verbintenisse op 'n vennootskapsgrondslag aangaan en hom beywer om waarde toe te voeg.

Die maatskappy onderskryf die beginsels van die King-verslag se Kode van Korporatiewe Praktyke en Gedrag. Verskeie projekte is reeds van stapel gestuur om te verseker dat daar aan die aangepaste vereistes, vervat in die King 2 verslag, voldoen word.

KORPORATIEWE STRUKTUUR

Die maatskappy is 'n beleggingshouermaatskappy.

Filiale wat nie ten volle besit word nie, is meestal genoteerde maatskappye met onafhanklike direksies, waar hierdie maatskappy op 'n nie-uitvoerende grondslag verteenwoordig word. Ander beleggings in nie-filiale sluit genoteerde en ongenoteerde maatskappye in wat nie deur hierdie maatskappy beheer word nie en meestal geassosieerde maatskappye is op grond van beduidende invloed en direksievertenwoordiging.

Die maatskappy is dus hoofsaaklik toegespits op beleggingsbestuur en die verskaffing van steun eerder as op die van dag tot dag bestuur van besigheidseenhede van maatskappye waarin belê is. Die maatskappy is 'n langtermynbelegger wat strategiese verbintenisse op 'n vennootskapsgrondslag aangaan en hom beywer om, waar moontlik, waarde toe te voeg.

Al die maatskappy se genoteerde filiale en geassosieerde maatskappye onderskryf die Kode van Korporatiewe Praktyke en Gedrag. Die maatskappy moedig die volle nakoming van die Kode, waar moontlik, aan en openbaarmaking waar dit nie moontlik is nie.

DIREKSIE

Die direksie, wat minstens ses keer per jaar vergader, bestaan uit sestien direkteure, waarvan elf nie-uitvoerend is. Besonderhede oor die direkteure verskyn op bladsy 2 van die jaarverslag.

Die nie-uitvoerende voorsitter van die direksie is mnr Johann Rupert.

DIREKSIEKOMITEES

Die maatskappy het 'n uitvoerende komitee wat tussen direksievergaderings byeenkom om aandag te skenk aan sake wat deur die direksie gedelegeer is.

Die ouditkomitee, wat uit vier nie-uitvoerende en een uitvoerende direkteur bestaan, vergader vier keer per jaar om aandag te skenk aan sake wat verband hou met risikobestuur en interne beheer, insluitende interne en eksterne audit, asook rekeningkundige beleid en finansiële rapportering binne die mandaat wat deur die direksie verskaf is. Die komitee het 'n nie-uitvoerende direkteur as voorsitter en vergaderings word deur die hoofuitvoerende beampte sowel as eksterne en interne ouditeure bygewoon.

Die vergoedingskomitee bestaan uit vyf nie-uitvoerende direkteure.

DIENSMAATSKAPPY

'n Ooreenkoms is aangegaan met 'n diensmaatskappy, M&I Bestuursdienste (Eiendoms) Beperk (M&I), om bestuurs- en ondersteunende dienste aan Remgro te verskaf. Die aandeelhouders van M&I is werknemers van M&I, wat al die uitgereikte gewone aandele besit. Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk besit al die "A" gewone aandele van M&I. Die "A" gewone aandele het slegs stemreg, maar het geen regte tot die inkomste of bates van M&I nie.

Remgro betaal fooie aan M&I wat die oorhoofse kostes ten opsigte van die bestuur van Remgro dek. Hierdie fooie sal nie 0.463% per jaar van die markkapitalisasie van Remgro, bereken op 'n gemiddelde maandelikse basis, oorskry nie. Hierdie persentasie mag nie oorskry word sonder dat 75% van alle klasse aandeelhouders van Remgro daartoe instem nie. Die fooie vir die afgelope jaar word in aantekening 14 tot die finansiële jaarstate aangedui.

DIENSBILLIKHEID

Die diensmaatskappy, M&I, streef daarna om, in ooreenstemming met die Wet op Diensbillikheid, aan alle



KORPORATIEWE BESTUUR

werknemers die geleentheid te bied om hulle volle potensiaal te verwesentlik.

'n Gidskomitee en verskeie Werkgroepe is saam met M&I se bestuur betrokke by die bepaling van opleiding- en ontwikkelingsbehoefes, asook by die implementering en monitor van 'n arbeidsplan. Aandag word veral gegee aan dié groepe wat om historiese redes 'n agterstand mag hê.

Die diensmaatskappy glo dat die gehalte van sy personeel 'n belangrike volhoubare mededingende voordeel is, wat hy het. Daarom glo hy dat sy sukses nie in die eenvormigheid van sy personeel lê nie, maar in die verskeidenheid en die ontwikkeling van hul kollektiewe vaardighede. Daarvoor sal altyd ruimte en geleenthede geskep word.

RISIKOBESTUUR

Die raad het as deel van sy risikobestuursverantwoordelikhede, die instandhouding van 'n entiteitwyse risikobestuursprogram goedgekeur.

Die doel van die risikobestuurstrategie is om geleenthede te vergroot, gegewe die risiko-aptit van die groep, terwyl die maatskappy se risikokoste verminder word. Koste van risiko sluit in:

- ↪ Koste van interne beheer
- ↪ Risikofinansieringskoste
- ↪ Blootstelling aan verliese
- ↪ Koste van verskaffers van gerusstelling

Die program onderskryf internasionale beheermaatstawwe, en sluit die volgende gestruktureerde prosesse in:

- ↪ Kommunikasie van die risikobestuurstrategie, insluitend die maatskappy se waardestelsel, kultuur, bestuursfilosofie en gedelegeerde verantwoordelikhede
- ↪ 'n Stelsel van deurlopende risiko-identifisering, insluitende nuwe risiko's en geleenthede
- ↪ Risikobepalingsproses wat beide die effektiwiteit van beheer (waarskynlikheid van gebeurtenis), sowel as die verwagte maksimum verlies (potensiële impak) meet
- ↪ 'n Geïntegreerde program van gerusstelling om die effektiwiteit en doeltreffendheid van beheer te monitor
- ↪ Deurlopende kontroleverbetering, en
- ↪ Die optimalisering van risikofinansieringsaktiwiteite

Aangesien die maatskappy 'n beleggingsmaatskappy is, onderskei die groep tussen risiko's wat inherent is aan die maatskappy en sy volfiliale en risiko's inherent aan beleggingsmaatskappye.

'n Groep Risiko Bestuursforum is gestig ter ondersteuning van beste praktyk binne beleggingsmaatskappye, waar toepaslik.

INTERNE BEHEER

Die direkteure is verantwoordelik vir die maatskappy se interne beheerstelsel, wat ontwerp is om 'n redelike, hoewel nie onvoorwaardelike, versekering te gee teen wesentlike wanvoorstelling en verlies. Interne beheer word breedweg beskryf as 'n proses wat deur 'n maatskappy se direksie, bestuur en ander personeel in werking gestel word om redelike gerusstelling te verskaf oor die doeltreffendheid van bedrywighede, gesonde finansiële beheermaatreëls en die nakoming van toepaslike wette en regulasies. Die stelsel bevat selfregulerende meganismes en stappe word gedoen om gebreke uit te skakel waar dit geïdentifiseer word.

Die maatskappy het 'n interne ouditfunksie wat uitgekontraheer is aan M&I Risikobestuur en Interne Oudit. Die afdeling voldoen aan die vereistes van die Instituut van Interne Ouditeure se standaarde vir die professionele praktisering van Interne Oudit. Die hoof van die afdeling rapporteer administratief aan die hoofuitvoerende beampte van Remgro en het onbeperkte toegang tot die ouditkomitee asook die voorsitter van die groep. Die hoof van die afdeling is ook die voorsitter van die groep se Risikobestuur en Interne Oudit Forum. Die afdeling onderskryf 'n risikogebaseerde ouditbenadering, soos vervat in die Interne Oudit Mandaat wat deur die raad goedgekeur is.

Die ouditkomitee het die risikobestuursprogramme en interne beheerstelsels van die maatskappy en sy volfiliale vir die finansiële jaar tot 31 Maart 2002 nagegaan. Op grond van navrae wat gerig is, asook die verslae van die interne en eksterne ouditeure, is die direkteure van mening dat die risikobestuursprogramme en interne beheerstelsels vir die tydperk onder oorsig doeltreffend was.

Die ouditkomitee is ook tevrede dat daar by die maatskappy se nie-volfiliale en geassosieerde maatskappye doeltreffende ouditkomitees funksioneer.




VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID DEUR DIE RAAD VAN DIREKTEURE

Die direkteure is verantwoordelik vir die byhou van geskikte rekeningkundige rekords en vir die voorbereiding en die integriteit van die finansiële jaarstate wat in hierdie jaarverslag verskyn. Die onafhanklike ouditeure is verantwoordelik om oor die finansiële jaarstate verslag te doen.

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig Suid-Afrikaanse Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk en op die wyse deur die Maatskappywet in Suid-Afrika vereis, op die lopende saak grondslag opgestel en inkorporeer volledige en verantwoordelike openbaarmaking. Die finansiële jaarstate is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid wat, met die uitsondering van die verantwoording van eiendom, aanleg en toerusting, beleggingseiendomme en werknemervoordele, in ooreenstemming met dié van die vorige jaar is, en word deur redelike en omsigtige oordeel en beramings ondersteun.

Die direkteure is van mening dat die groep in die toekoms as 'n lopende saak sal voortbestaan.

Geteken namens die raad van direkteure.



Johann Rupert

Voorsitter



Thys Visser

Hoofuitvoerende beampte/Ondervoorsitter

Stellenbosch

19 Junie 2002

VERKLARING DEUR DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS

Ek, Mariza Lubbe, die maatskappysekretaris van Remgro Beperk, sertifiseer hiermee, dat, ten opsigte van die jaar onder oorsig, alle opgawes wat van 'n publieke maatskappy verlang word, ingelewer is by die Registrateur van Maatskappye en dat al sodanige opgawes waar, korrek en op datum is.



Mariza Lubbe

Sekretaris

Stellenbosch

19 Junie 2002

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE

aan die lede van Remgro Beperk

Ons het die finansiële jaarstate en groep finansiële jaarstate van Remgro Beperk soos uiteengesit op bladsye 19 tot 56 vir die jaar geëindig 31 Maart 2002 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die maatskappy se direkteure. Ons verantwoordelikheid is om op grond van ons audit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek.

OMVANG

Ons het ons audit ooreenkomstig standpunte van Suid-Afrikaanse Ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaard vereis dat ons die audit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry dat daar geen wesentlike wanvoorstelling in die finansiële state is nie. 'n Oudit behels:

- 'n ondersoek, op 'n toetsgrondslag, van bewyse wat die bedrae en openbaarmakings in die finansiële state steun,
- 'n beoordeling van die rekeningkundige beginsels wat gebruik is en beduidende ramings wat deur bestuur gemaak is, asook
- 'n oorweging van die algehele aanbieding van die finansiële state.

Ons is van mening dat ons audit 'n redelike grondslag vir ons mening bied.

ODITMENING

Na ons mening bied die finansiële state, in alle wesentlike opsigte, 'n redelike weergawe van die finansiële stand van die maatskappy en die groep op 31 Maart 2002 en van die resultate van hul bedrywighede, veranderinge in ekwiteit en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk en op die wyse deur die Maatskappywet in Suid-Afrika vereis.

Price Waterhouse Coopers Inc.

PRICEWATERHOUSECOOPERS 

Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure

Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)

Stellenbosch

19 Junie 2002

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE

vir die jaar geëindig 31 Maart 2002

Geagte Aandeelhouer

Die raad doen met genoeë verslag oor die bedrywighede en finansiële resultate vir die jaar onder oorsig.

AARD VAN BEDRYWIGHED

Die maatskappy is 'n beleggingshouermaatskappy. Die groep se kontant-inkomste bestaan hoofsaaklik uit dividende en rente. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate inkorporeer ook die geëkwiteerde toeskryfbare inkomste van geassosieerde maatskappye.

Die belange van die groep bestaan hoofsaaklik uit beleggings in onder andere tabakprodukte, bankwese en finansiële dienste, drukwerk en verpakking, ingenieurswese en motorkomponente, kleefstowwe, langtermynversekering, mediese dienste, mynwese, petroleumprodukte, voedsel, wyn en spiritualieë en verskeie ander handelsmerkprodukte.

ALGEMENE OORSIG

Bedryfsresultate

Jaar geëindig 31 Maart:

	2002	2001
Wesensverdienste (R miljoen)	4 277	3 195
– per aandeel (sent)	819.3	612.1
– verwater (sent)	817.8	611.6
Basiese verdienste – netto wins vir die jaar (R miljoen)	3 532	6 574
– per aandeel (sent)	676.6	1 259.4
– verwater (sent)	675.3	1 258.5
Dividende (R miljoen)*	1 597	845
– gewoon – per aandeel (sent)	206.00	162.00
– spesiaal – per aandeel (sent)	100.00	

* Die finale dividend van 133 sent (2001: 106 sent) per aandeel en die spesiale dividend van 100 sent per aandeel is verklaar na jaareinde en is gevolglik nie in die finansiële jaarstate voorsien nie.

Beleggings

Die belangrikste veranderinge gedurende die jaar onder oorsig was soos volg:

Lenco Holdings Beperk (Lenco)

Lenco het gedurende Mei 2001 sy belang in Malbak ontbondel en daarna, ingevolge 'n aanbod aan die minderheidsaandeelhouers, 'n volfiliaal van Lenco (Eiendoms) Beperk geword. Laasgenoemde is sedertdien in vrywillige likwidasië geplaas en is die bates tussen die twee aandeelhouers van Lenco (Eiendoms) Beperk op so 'n wyse verdeel dat Remgro Malbak aandele gekry het en die ander aandeelhouer al die aandele in Lenco.

Malbak Beperk (Malbak)

Remgro se direkte belang in Malbak het as gevolg van die likwidasië van Lenco (Eiendoms) Beperk en verdere verkrygings met 9.1% verhoog tot 58.0%.

Gedurende die afgelope finansiële jaar het Malbak en Nampak Beperk (Nampak) 'n gesamentlike omsigtigheidsaankondiging uitgereik waarin aangekondig is dat onderhandelinge tussen dié twee maatskappye plaasvind rakende 'n moontlike samesmelting.

Sedertdien is aangekondig dat 'n ooreenkoms bereik is dat Nampak, onderhewig aan sekere opskortende voorwaardes, 'n formele aanbod aan Malbak-aandeelhouers sal maak ter verkryging van hulle totale aandeelbelang in Malbak.

Die transaksie is voorwaardelik deur die Mededingingsowerhede goedgekeur. Sekere verdere opskortende voorwaardes moet egter nog vervul word.

As gevolg van die potensiële verwatering van Remgro se effektiewe belang in die vergrote verpakkingsgroep, is Malbak nie vir die jaar onder oorsig gekonsolideer nie, maar soos voorheen geëkwiteer.



VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE

vir die jaar geëindig 31 Maart 2002

Trans Hex Groep Beperk (Trans Hex)

Trans Hex het op 28 Februarie 2002 16 miljoen onversekerde 13.5% deelnemende verpligte omskepbare skuldbriewe aan Mvelaphanda Diamonds (Eiendoms) Beperk (Mvelaphanda) uitgereik. Na omskepping van dié skuldbriewe sal Mvelaphanda 'n belang van ongeveer 19.4% in Trans Hex hou. Remgro se verwaterde belang op 31 Maart 2002 is 35.2%.

Mvelaphanda het ook 'n opsie om 5 miljoen Trans Hex-aandele van Remgro te bekom, wat Remgro se belang verder kan verwater tot 30.2%.

Robertsons Holdings (Eiendoms) Beperk (Robertsons)

Op 12 September 2001 is aangekondig dat Robertsons en Unilever Plc (Unilever) 'n beginselooreenkoms gesluit het ingevolge waarvan beide beoog om hulle belange in die bestaande gesamentlike onderneming tussen Robertsons en Bestfoods Europa te herstruktureer. Dit was 'n regstreekse gevolg van Unilever se verkryging van Bestfoods se wêreldwye belange.

Al die nodige voorwaardes is nagekom en die nuwe Unilever Bestfoods Robertsons onderneming, waarin Robertsons 41% hou, het effektief op 1 April 2002 tot stand gekom.

Medi-Clinic Korporasie Beperk (Medi-Clinic)

Die belang in Medi-Clinic, na inagneming van die terugkoop van aandele deur Medi-Clinic, het op 31 Maart 2002 52.3% beloop. Soos reeds voorheen gerapporteer, word die belang bo 50% tydelik geag weens personeelopsies wat nog nie uitgeoefen is nie en wat die belang, voor die terugkoop van die tesourie aandele, tot 50% of minder sal verwater. Medi-Clinic is gevolglik nie as 'n filiaalmaatskappy gekonsolideer nie maar, soos in die verlede, as 'n geassosieerde maatskappy geëkwiteer.

Sedert die jaareinde:

Standard Bank Investment Corporation Beperk (Stanbic)

Die 3.1 miljoen Stanbic aandele wat in April 2000 by wyse van 'n dividend in spesie uit die Gencor Beperk ontbondeling ontvang is, is gedurende Mei 2002 verkoop. 'n Kapitaalsurplus van R78 miljoen is gerealiseer en sal as 'n uitsonderlike item verantwoord word.

FirstRand Beperk (FirstRand)

'n Verdere belegging van R111 miljoen (0.24%) is gedurende Mei 2002 in FirstRand gemaak.

GROEP FINANSIËLE OORSIG

Vorige jaar aansuiwerings

Verandering in rekeningkundige beleid

Die rekeningkundige beleid ten opsigte van verantwoording van beleggingseiendomme is verander om te voldoen aan die gewysigde Suid-Afrikaanse Standpunt oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (RE 135). Beleggingseiendomme word as langtermynbeleggings verantwoord en word teen kosprys min opgelope waardevermindering getoon. Waardevermindering op geboue word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur voorsien. Dit verteenwoordig 'n verandering in rekeningkundige beleid aangesien beleggingseiendomme voorheen teen kosprys verantwoord is.

Rainbow Chicken Beperk het sy rekeningkundige beleid ten opsigte van eiendom, aanleg en toerusting verander. Grond en geboue word vanaf 1 April 2001 volgens die historiese koste metode verantwoord, terwyl dit voorheen herwaardeer was.

Gedurende 2002 het die groep RE 116 (hersen), ten opsigte van werknemervoordele, geïmplementeer.



Remgro se vergelykende syfers is dienoreenkomstig soos hieronder hersaamgestel:

Hersamestelling van vergelykende syfers

Jaar geëindig
31 Maart 2001
Sent per aandeel

Inkomstestaat

Wesensverdienste soos voorheen gerapporteer	615.1
Verandering in rekeningkundige beleid	(3.0)
Hersaamgestelde wesensverdienste	612.1

R miljoen

Balansstaat

Afname in eiendom, aanleg en toerusting en beleggingseiendomme	215
Afname in beleggings	18
Afname in belang van eie lede	149
Afname in minderheidsbelang	98
Toename in laste	14

Balansstaat

Die ontleding van "Ekwiteit" en "Bron van wesensverdienste" hieronder dui die afdelings aan waarin die belange ingedeel is. Elke afdeling verteenwoordig die hoofbedryfssektor van die beleggings wat daaronder ingedeel is. Geen aansuiwering is gemaak vir gevalle waar 'n maatskappy hoofsaaklik in een sektor bedrywig is maar ook belange in 'n ander sektor het nie.

	2002		2001	
	R miljoen	R per aandeel	R miljoen	R per aandeel
Ekwiteit aangewend				
Belang van eie lede	24 047	46.07	19 387	37.14
Aanwending van ekwiteit				
Handelsmerkbelange	8 117	15.55	5 359	10.26
Finansiële dienste	8 222	15.75	7 549	14.46
Nywerheidsbelange	4 169	7.99	3 459	6.63
Mynbelange	722	1.38	687	1.32
Korporatiewe finansies en ander belange	2 817	5.40	2 333	4.47
	24 047	46.07	19 387	37.14

Inkomstestaat

	2002		2001	
	R miljoen	%	R miljoen	%
Bron van wesensverdienste				
Handelsmerkbelange	2 167	51	1 598	50
Finansiële dienste	958	22	241	8
Nywerheidsbelange	570	13	364	11
Mynbelange	306	7	823	26
Korporatiewe finansies en ander belange	276	7	169	5
	4 277	100	3 195	100



VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE

vir die jaar geëindig 31 Maart 2002

	2002 R miljoen	2001 R miljoen
Samestelling van wesensverdienste		
Filiaalmaatskappye en gesamentlike ondernemings	414	296
Winste	420	296
Verliese	6	*
Geassosieerde maatskappye	3 863	2 899
Winste	3 914	2 908
Verliese	51	9
	4 277	3 195

* Bedrae kleiner as R500 000

MAATSKAPPY NETTO WINS EN AANWENDING

Die maatskappy se eie verdeelbare reserwes aan die begin van die jaar bedra	7 350	7 328
Netto wins vir die jaar	1 584	314
Dividend Nr 2 van 106.00c per aandeel betaal in Augustus 2001	(553)	–
Dividend Nr 3 van 73.00c per aandeel betaal in Januarie 2002 (2001: 56.00c)	(381)	(292)
Die maatskappy se eie verdeelbare reserwes wat oorgedra word na die volgende jaar bedra	8 000	7 350

AANDELEKAPITAAL

Gedurende die jaar het die trustees van die Remgro Aandelekema (die 'skema') van die gewone aandele aan deelnemers aangebied soos volg: (Verwys ook aantekening 25)

Datum	Aanbod- prys (Rand)	Aantal aandele aangebied	Aantal aandele aanvaar op 31 Maart 2002
2/4/2001	47.00	29 094	29 094
1/9/2001	59.70	20 102	20 102
25/9/2001	54.10	18 984	18 984
1/11/2001	64.10	3 452	3 452
1/12/2001	62.80	469	469
1/1/2002	65.00	394	394
1/2/2002	62.30	13 543	853
1/3/2002	64.00	11 433	–
		97 471	73 348**

** Verwys aantekening 7

Die aanbiedinge is geldig vir een jaar vanaf die datum van aanbod. Die skema is 'n uitgestelde aankoopskema en betaling geskied in drie gelyke jaarlikse paaiemente waarvan die eerste paaiement eers na drie jaar betaalbaar word. Deelnemers het geen regte tot lewering, stemming of dividende op aandele voordat betaling geskied nie. Deelnemers kan kies om op 'n later datum te betaal met die gevolglike uitstel van regte. Betaling moet egter voor die verstryking van tien jaar geskied.



DIENSMATSKAPPY

'n Ooreenkoms is in 2000 met 'n diensmaatskappy, M&I Bestuursdienste (Eiendoms) Beperk (M&I), aangegaan om bestuurs- en ondersteunende dienste aan Remgro te verskaf. Die aandeelhouers van M&I is werknemers van M&I, wat al die uitgereikte gewone aandele besit. Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk besit al die "A" gewone aandele van M&I. Die "A" gewone aandele het slegs stemreg, maar het geen regte tot die inkomste of bates van M&I nie.

Remgro betaal fooie aan M&I wat die oorhoofse koste ten opsigte van die bestuur van Remgro dek. Hierdie fooie sal nie 0.463% per jaar van die markkapitalisasie van Remgro, bereken op 'n gemiddelde maandelikse basis, oorskry nie. Hierdie persentasie mag nie oorskry word sonder dat 75% van alle klasse aandeelhouers van Remgro daartoe instem nie. Die fooie vir die afgelope jaar word in aantekening 14 tot die finansiële jaarstate aangedui.

HOOFAANDEELHOUER

Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk hou al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele van die maatskappy en is geregtig op 42.2 % van die totale stemreg.

'n Ontleding van die aandeelhouers verskyn op bladsy 57.

FILIAALMAATSKAPPY EN BELEGGINGS

Besonderhede van filiaalmaatskappye, geassosieerde maatskappye en ander beleggings word in Bylaes A en B uiteengesit.

DIREKTEURE

Mnr P K Harris is op 28 November 2001 as direkteur aangestel.

Die name van die direkteure verskyn op bladsy 2.

Kragtens die bepalings van die statute tree mnre P E Beyers, W E Bührmann, J W Dreyer, P K Harris, T van Wyk, dr E de la H Hertzog en mev J A Preller volgens rooster as direkteure af. Hierdie direkteure is en stel hulself herkiesbaar.

Die volgende direkteure van die maatskappy het die afgelope finansiële jaar op direksiekomitees gedien:

Ouditkomitee: Mnre D M Falck, P J Erasmus, J F Mouton, F Robertson en P G Steyn.

Vergoedingskomitee: Mnre Johann Rupert, P J Erasmus, J F Mouton en F Robertson.

Mnr P K Harris is op 6 Maart 2002 as lid van die vergoedingskomitee aangestel.

BELANG VAN DIREKTEURE

Die direkte en indirekte belange van direkteure in die uitgereikte aandeelkapitaal van die maatskappy, het in totaal op 31 Maart 2002, 0.63% (2001: 0.62%) bedra.

'n Ontleding van die belange van direkteure in die uitgereikte kapitaal van die maatskappy verskyn op bladsy 58.

DIREKTEURVERGOEDING

Die raad beveel aan dat die totale direkteursvergoeding betaalbaar vir dienste as direkteure die afgelope finansiële jaar gelewer, op R499 000 (2001: R411 000) vasgestel word.



VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE

vir die jaar geëindig 31 Maart 2002

AANKOOP VAN AANDELE VAN DIE MAATSKAPPY

Daar word aanbeveel dat 'n algemene magtiging aan die raad toegestaan word om, indien omstandighede dit regverdig, die maatskappy se eie aandele te verkry en om goedkeuring aan enige filiaalmaatskappye van die maatskappy te gee om aandele in die maatskappy te verkry, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet 61 van 1973, soos gewysig en die noteringsvereistes van die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika (JSE).

Spesiale besluite om hierdie algemene magtiging aan die raad te verleen, is ingesluit in die kennisgewing vir die algemene jaarvergadering wat op bladsy 61 verskyn.

DIVIDENDE

Dividend Nr 4

'n Finale dividend van 133 sent (2001: 106 sent) per aandeel is verklaar ten opsigte van beide die gewone aandele van een sent elk en die ongenoteerde B-gewone aandele van tien sent elk, vir die finansiële jaar wat op 31 Maart 2002 geëindig het.

Saam met die tussendividend van 73 sent (2001: 56 sent) per aandeel wat gedurende Januarie 2002 betaal is, bedra die totale dividende vir die finansiële jaar 206 sent (2001: 162 sent) per aandeel.

Spesiale Dividend

'n Spesiale dividend van 100 sent per aandeel is verklaar ten opsigte van beide die gewone aandele van een sent elk en die ongenoteerde B-gewone aandele van tien sent elk.

Betaling

Die finale en spesiale dividend is betaalbaar aan aandeelhouders van die maatskappy wat op Vrydag, 16 Augustus 2002 geregistreer is.

Aandeelhouders wat op die betaaldatum, Maandag 19 Augustus 2002, steeds gesertifiseerde aandele hou, se dividende sal volgens bestaande opdragte elektronies oorbetal word in hul bankrekening of anders sal tjeks na hulle geregistreerde adresse gepos word.

Dividende ten opsigte van gedematerialiseerde aandele word gekrediteer na aandeelhouders se rekening by hul Sentrale Effektebewaardeelnemer (CSDP) of makelaar.

Aandeelhouders mag nie in die periode van Vrydag, 2 Augustus 2002 tot Vrydag, 16 Augustus 2002, beide datums ingesluit hulle aandeelsertifikate dematerialiseer/rematerialiseer nie.

SEKRETARIS


Mev M Lubbe is op 28 November 2001 aangestel as maatskappysekretaris in die plek van mnr J C Engelbrecht wat afgetree het.

Die naam en adres van die maatskappysekretaris verskyn op bladsy 59.

GOEDKEURING

Die finansiële jaarstate op bladsye 19 tot 56 uiteengesit, is deur die raad goedgekeur.

Geteken namens die raad van direkteure.



Johann Rupert
Voorsitter



Thys Visser
Hoofuitvoerende beampte/Ondervoorsitter

Stellenbosch
19 Junie 2002



REKENINGKUNDIGE BELEID

vir die jaar geëindig 31 Maart 2002

Die finansiële jaarstate word hoofsaaklik volgens die historiese kostegronslag ooreenkomstig Suid-Afrikaanse Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk opgestel en inkorporeer die volgende rekeningkundige beleid wat, met die uitsondering van die verantwoording van eiendom, aanleg en toerusting, beleggingseiendomme en werknemervoordele, in ooreenstemming met dié van die vorige jaar is:

(I) KONSOLIDASIE, EWEREDIGE KONSOLIDASIE EN EKWITEITSVERANTWOORDING

Voorkeuraandeel en skuldbriewe wat verpligtend omskepbaar is, word vir doeleindes van konsolidasie, eweredige konsolidasie en ekwiteitsverantwoording ook as deel van 'n maatskappy se permanente ekwiteitskapitaal beskou. In gevalle waar die groep se beherende belang slegs tydelik van aard is, word die betrokke maatskappye nie gekonsolideer nie maar volgens die ekwiteitsmetode as geassosieerde maatskappye verantwoord.

Konsolidasie – filiaalmaatskappye

Alle maatskappye waarin die groep, direk of indirek, 'n belang van meer as die helfte van die stemreg hou of andersins oor die vermoë beskik om beheer oor die bedrywigheide uit te oefen, word op die gebruikelike wyse in die gekonsolideerde finansiële state ingesluit.

Die resultate van filiaalmaatskappye gekoop of verkoop gedurende die jaar is ingesluit by die gekonsolideerde inkomstestaat vanaf of tot die datum waarop effektiewe beheer verkry is of staak.

Eweredige konsolidasie – gesamentlike ondernemings

Alle ondernemings wat gesamentlik beheer word, word volgens die eweredige konsolidasiemetode verantwoord. Volgens hierdie metode word die toeskryfbare gedeelte van bates, verpligtinge, inkomste, uitgawes en kontantvloei in die gekonsolideerde state opgeneem. Die belang in behoue inkomste word na nie-verdeelbare reserwes oorgeplaas.

Ekwiteitsverantwoording – geassosieerde maatskappye

Maatskappye wat nóg filiale nóg gesamentlike ondernemings is, maar waarin 'n langtermynbelang gehou word, en oor wie se finansiële- en bedryfsbeleid 'n beduidende invloed uitgeoefen kan word, word volgens die ekwiteitsmetode as geassosieerde maatskappye verantwoord. Sekere geassosieerde maatskappye se jaareindes stem nie ooreen met dié van die maatskappy nie. In sulke gevalle word die resultate van genoteerde en sekere ongenoteerde maatskappye vanaf die jongste gepubliseerde inligting en bestuurstate op jaareinde onderskeidelik, verantwoord. Die groep se belang in behoue inkomste word na nie-verdeelbare reserwes oorgeplaas. Die groep se belang in ander bewegings in die reserwes van geassosieerde maatskappye word as veranderings in gekonsolideerde nie-verdeelbare reserwes verantwoord.

Die resultate van geassosieerde maatskappye gekoop of verkoop word by die gekonsolideerde inkomstestaat ingesluit vanaf en tot die datum waarop beduidende effektiewe invloed begin of staak.

(II) EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING EN WAARDEVERMINDERING

Gekapitaliseerde bruikhuur – Bates wat ingevolge 'n finansieringsbruikhuurooreenkoms gehuur word, word teen die ekwivalente kontant koopprys gekapitaliseer. Gekapitaliseerde bruikhuurbates word ingevolge die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur afgeskryf. Bruikhuur finansieringskoste word oor die tydperk van die bruikhuur ingevolge die effektiewe rentekoers metode afgeskryf. Die huur van bates in terme waarvan alle risiko's en vergoeding verbonde aan eiendomsreg effektief deur die verhuurder behou word, word as bedryfshure geklassifiseer. Betalings ten opsigte van bedryfshure word teen normale inkomste verreken.

Voorproduksiekoste en rente – Voorproduksiekoste en rente op geleende fondse ten opsigte van wesentlike kapitaalprojekte onder konstruksie word gekapitaliseer totdat sodanige bates voltooi is en gereed is vir inbedryfstelling.

Grond en geboue – word teen kosprys getoon. Op 1 April 2001 het 'n filiaalmaatskappy sy rekeningkundige beleid ten opsigte van die waardasie van grond en geboue verander. Dié bates word volgens die historiese koste metode verantwoord, terwyl dit voorheen herwaardeer was. Die vergelykende syfers vir die jaar geëindig 31 Maart 2001 is hersaamgestel. Waardevermindering op geboue word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur voorsien. Verbeteringe aan gehuurde eiendom word getoon teen kosprys en oor die periode van die huur afgeskryf.

Masjinerie, toerusting, kantoortoerusting en voertuie – word teen kosprys getoon. Waardevermindering word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur voorsien.

Landbougewasse – word teen kosprys getoon. Kosprys bestaan uit die totaal van vestigings- en ontwikkelingskoste. Vestigingskoste verteenwoordig die uitgawes aangegaan om landerye vir suikerriet en ander meerjarige gewasse te vestig en word nie afgeskryf nie. Ontwikkelingskoste verteenwoordig aanplantings- en ander ontwikkelingsuitgawes. Hierdie uitgawes word in die vestigingsjaar gekapitaliseer en uitgawes in jare daarna word direk teen inkomste verreken. Deurlopende bewerkingskoste word afgeskryf in die jaar waarin dit aangegaan is.

Waar geïdentifiseer word dat die verhaalbare bedrag van bates gedaal het benede dié betrokke bates se drabedrag, word die drabedrag verminder ten einde dié waardedaling te reflekteer. Sulke afskrywings word teen normale inkomste verreken.



REKENINGKUNDIGE BELEID

vir die jaar geëindig 31 Maart 2002

(III) BELEGGINGSEIENDOMME

Beleggingseiendomme word gehou om huurinkomste te genereer en kapitaalwaarde toe te voeg. Beleggingseiendomme word as langtermynbeleggings verantwoord en word teen kosprys min opgelope waardevermindering getoon. Waardevermindering op geboue word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur voorsien. Dit verteenwoordig 'n verandering in rekeningkundige beleid aangesien beleggingseiendomme voorheen teen kosprys verantwoord is. Die vergelykende syfers vir die jaar geëindig 31 Maart 2001 is hersaamgestel.

Beleggingseiendomme word elke derde jaar gewaardeer deur eksterne onafhanklike professionele waardeerders. Waar 'n waardedaling in die drawaarde van bates geïdentifiseer word, word die drawaarde verminder. Sulke bedrae afgeskryf, word teen normale inkomste verreken.

(IV) ONTASBARE BATES

Klandisiewaarde – Met die verkryging van 'n belegging word redelike waardes soos op datum van belangsverkryging aan identifiseerbare bates en laste verkry, toegedeel.

Die klandisiewaarde of negatiewe klandisiewaarde is die verskil tussen die koste van die beleggings en die redelike waardes van toeskryfbare netto bates van die filiaalmaatskappye, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye op die datum van belangsverkryging. Klandisiewaarde of negatiewe klandisiewaarde word as nie-bedryfsbates in die balansstaat verantwoord en geamortiseer op die reguitlynmetode oor die verwagte nuttige lewensduur daarvan, wat nie twintig jaar sal oorskry nie. Waar die netto bates van filiaalmaatskappye, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye op die datum van verkryging meer is as die koste van die beleggings, word dié verskil as negatiewe klandisiewaarde verantwoord.

Handelsmerke – Die koste van handelsmerke wat self ontwikkel en gevestig word, word met die aangaan van sulke koste afgeskryf. Die waardes daarvan word gevolglik nie in die finansiële jaarstate aangetoon nie. Die koste van handelsmerke wat aangekoop is, word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur afgeskryf, wat twintig jaar is.

Navorsing- en ontwikkelingskoste – Navorsing- en ontwikkelingskoste word met die aangaan van sulke koste afgeskryf. Waar daar aan al die bate-erkenningmaatstawwe voldoen word, word ontwikkelingskoste gekapitaliseer en oor die verwagte nuttige lewensduur van die produk afgeskryf.

(V) BELEGGINGS

Geassosieerde maatskappye – word teen kosprys getoon, na aansuiwering vir klandisiewaarde. In die gekonsolideerde jaarstate word die belang in na-verkrygingsreserwes en behoue inkomste wat volgens die ekwiteitsmetode verantwoord is in die drawaarde ingesluit.

